NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 3
16 Februarie 2023

# Die ryk erfenis van Christelike Spiritualiteit – vir almal

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dit is weer daardie tyd van die jaar: Ons verwelkom eerstejaars by die Universiteit en by die Fakulteit Teologie en Religie by UP. Wanneer ek my daaglikse cappuccino gaan koop, sien ek oral verdwaaldes. Ek hoor dreunsang op die groot grasperke. Dit is alles deel van die bekende ritme van ons bestaan hier by die Universiteit.**

Ek skryf hierdie voorbladteks nadat ek vroeër vanmiddag met 'n groot groep eerstejaars oor hul keusevakke gepraat het. Sedert die begin van 2021 bied ons Christelike Spiritualiteit as akademiese vak in die Fakulteit aan, en eerstejaarstudente, tweedejaars en derdejaars kan die vak by hul leerplan insluit.

As eerstejaarstudent, 21 jaar gelede, het ek nie die opsie gehad om dit as vak te kies nie. Alhoewel elkeen 'n opinie oor vakinhoude vir Teologiestudente het en daar intense debatte daaroor gevoer kan word, moet ek erken: Ek dink dat hedendaagse studente wat aan ons Fakulteit studeer – wat hierdie aanbod aanbetref – beter daaraan toe is as dié van ons wat nie die geleentheid gehad het nie. Hoekom? Want ons diepste geloofsoortuigings en die manier waarop ons die wêreld verstaan, vind uitdrukking in ons geestelike taal. Daarom bied dit vir ons 'n verwysingsraamwerk om met ander gelowiges in gesprek te tree, en onsself beter te verstaan, sodat ons uiteindelik ons roeping *mindful* kan uitleef.

In 2018, toe ek verneem dat die ontwikkeling van hierdie vak deel van my verantwoordelikhede sou word, het ek navorsing gedoen oor 'n leerplan. Daar is baie invalshoeke. Ek het gaan kers opsteek by kollegas in die VSA: een by die Catholic University of America in Washington DC en twee ander by Princeton Theological Seminary in die staat New Jersey. Só ontwikkel dit dat UP-studente nou oor 'n tydperk van drie jaar aan 'n wye reeks temas en metodes blootgestel word: Hulle leer oor die diepgewortelde antieke tradisies van Christelike Spiritualiteit, wat terugdateer tot die vroegste ontwikkeling van die Christelike kerk in die eerste paar eeue na Jesus se hemelvaart. Studente leer oor verskillende Christelik-spirituele praktyke, wat strek vanaf gebed, meditasie tot pelgrimstogte en die fokus op 'n teks (*lectio divina*). Hulle leer ook die waarde van 'n geïntegreerde spiritualiteit: Dít gebeur as innerlike geestelike transformasie uitmond in daaglikse doen en late (etiek). Ek het verlede jaar, as eksperiment, 'n aantal predikante van ons Kerk genader om gaslesings aan te bied en hulle (en die studente!) het dit baie geniet. Só het ons die kans om die dieptegang en eie kenmerke van Reformatoriese Christelike Spiritualiteit, saam met ander, ook aan studente bekend te stel.

Wêreldwyd word die belang en waarde van geestelike vorming en diepsinnige refleksie oor die Oorsprong en Betekenis en Rigting van ons bestaan toenemend hoër geag. Ek skryf hierdie woorde met hoofletters, want vir Christene hou diep refleksie oor die oorsprong, betekenis en rigting van ons bestaan volledig met God verband. Natuurlik is die praktyk van geestelike refleksie en soms geestelike afsondering eeue oud – en ons herontdek (en herwaardeer) daardie ryk erfenis. Talle nasionale en internasionale opleidingsinstansies het ook sentrums vir Spiritualiteit gestig, soos byvoorbeeld Princeton se Centre for Contemplative Leadership. En so, is ons besig om ons studente (en ons mense in ons Kerk) te help om stil te word voor God, ontvanklik te wees vir die werkinge van die Gees, en geestelik weerbare mense te wees!

**Prof Tanya van Wyk**
**Universiteit van Pretoria**

## Lief en leed

- **Mnr Ernst Maritz** (58), skoonseun van emerituspredikant dr DJC (Daan) en Frieda van Wyk, is Maandagaand 13 Februarie na ’n hartaanval oorlede. Ons innige simpatie gaan aan mev Friena Maritz en die familie. Die dankdiens is gereël vir Saterdag 18 Februarie om 11:00 vanuit Gemeente Pretoria-Oos; ds JF (Hannes) van der Merwe sal die diens lei. Die egpaar se drie kinders woon oorsee en is nou op pad na Suid-Afrika: een dogter uit Katar, ’n ander saam met haar man uit Chili, en die seun, sy vrou en baba vanaf Vancouver.


- Ons het verlede week berig dat **mev Jessica Meyer** (39), vrou van ds HP (Herman) Meyer van Gemeente Carletonville, Dinsdag 7 Februarie aan kolonkanker oorlede is. Die gedenkdiens vind **Vrydag 17 Februarie om 12:30** plaas vanuit Gemeente Carletonville, hv Ada- en Kaolinstraat, Carletonville.



Dr Willie Strydom

- **Dr WA (Willie) Strydom** (61) van Eikenhof/Johannesburg-Suid het pas verneem dat hy slukdermkanker het. Verdere toetse is nodig om te bepaal hoe ver dit gevorder het en watter behandeling die aangewese pad is. Ons bid dr Willie en sy vrou, Erika, die Heer se troos en bystand toe in hierdie moeilike tyd.

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Vrydag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (35) (Montana) en ds DJ (Danie) Struwig (70) (emeritus)
  - Saterdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (70) (emeritus/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (66) (emeritus)
  - Sondag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (66) (emeritus)
  - Maandag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (67) (emeritus)
  - Dinsdag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (29) (Malelane)
  - Donderdag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (62) (siekte-emeritaat) en ds N (Natasha) Smit (29) (Barberton/Nelspruit)
  - Vrydag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (63) (HTK), di JH (Jan) Prinsloo (81) (emeritus) en JD (Daniel) Steinmann (62) (Windhoek)



Ds Waldo Pretorius

## Gemeentes en bediening



Ds Etienne Fourie

- **Ds PW (Waldo) Pretorius** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Ventersdorp.

- **Ds EG (Etienne) Fourie** (65 op 2 Maart 2023) van Gemeente Kempten aanvaar op 31 Maart 2023 emeritaat.

- **Dr JLJ (Johan) Smit** (emeritus) neem tans op versoek van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB) tydelik op die basis van nege dae per maand waar in gemeentes Vryheid en Utrecht.



Dr Johan Smit

- **Ds D (Dolf) Bester** word op 31 Maart 2023 met behoud van ampsvoorreg losgemaak van sy werkruimte (Boksburg).

- **Ds JP (Johan) du Preez** word op 28 Februarie 2023 met behoud van ampsvoorreg losgemaak van sy werkruimte (Van der Hoff).

- **Ds Carel Johann de Bruin** (emeritus/Kurator van die SP Engelbrecht-museum) se **e-posadres** het verander. Die ou adresse was **cjdb@telkomsa.net** en **cjdb@boomaap.co.za**. Die nuwe adres is **careljohann@gmail.com**.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto’s, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!

- **Gemeente Horison Roodepoort** benodig van die **letters en syfers** wat vroeër op borde in kerkgeboue gebruik is om die erediens se liturgie aan te kondig. Die gemeente gebruik dit nog, maar soms is dié wat hulle nodig het, nie in hul versameling nie. Kontak Petro Matthews by **williepetromatthews@gmail.com** indien u kan help.




- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

  **Gemeente:** Die gemeente dink met ’n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met ’n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op ’n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is ’n pastorale gemeente.

  Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

  Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir ’n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir ’n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

  **Aansoeke sluit op 27 Maart 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV wat ’n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by **nhkswellendam@gmail.com**. Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings

- Donderdag 16 Februarie: Rata Finkom en Begroting<br>Redaksie van die *Almanak*
- Saterdag 18 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Dinsdag 21 Februarie: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 23 Februarie: Pensioenraad<br>Ons Tuis Direksie<br>Rata Bestuur
- Vrydag 24 Februarie: Raad van Finansies
- Dinsdag 28 Februarie: NHSV Studieleningsfonds

## Teologiese Opleidingsfonds

**Die Teologiese Opleidingsfonds sê baie dankie vir waardevolle bydraes.** Baie dankie aan ringe, kerkrade, NHSV takke en individue wat 'n waardevolle bydrae tot die Teologiese Opleidingsfonds gemaak het in die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2023 sluit. U bydrae help ons om studente te ondersteun in hul teologiese studies.

Ek verskaf graag die Fonds se bankbesonderhede indien daar nog skenkings gemaak wil word. Byvoorbaat baie dankie daarvoor.

Teologiese Opleidingsfonds
ABSA Bosmanstraat
Rekeningnommer: 4048632649
**Vir enige navrae, kontak my:**
Peet Esterhuizen, Fondssekretaris
**5essies@telkomsa.net /** 082 764 2622

**Ds Peet Esterhuizen**

## Bybelgenootskap

**Bydraes aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) in 2023.** Die Bybel is vir ons belangrik. Dit is die bron van ons geloof in God en dit was oor die eeue heen nog altyd vir ons die instrument waardeur God se Gees ons leer, troos en lei deur die lewe. Die Bybel bevat die lewegewende boodskap van God se liefde vir die wêreld waardeur die mens deel kry aan God se genade en verlossing.

Daarom bly die vennootskap tussen die Kerk en die BSA 'n kosbare verhouding ten einde bekostigbare Bybels aan mense in hul eie taal en sonder enige verhindering beskikbaar te stel.

U word dus vriendelik versoek om aan die volgende besluite van die 73ste AKV uitvoering te gee in u beplannning en begroting vir 2023/24:

- Gemeentes betaal **ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte** aan die BSA oor. Die datum van hierdie deurkollekte word jaarliks deur die Kommissie van die AKV in oorleg met ander instansies in die Kerk bepaal en betyds aan gemeentes deurgegee met die oog op die opstel van gemeentes se jaarprogramme en begrotings.

  **Gemeentes betaal vanjaar Sondag 20 Augustus 2023 se deurkollekte direk aan die BSA oor.**

- Kerkrade word versoek om jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word verkieslik maandeliks **voor 31 Oktober** elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Vir die komende jaar word die bedrag van **R60 per lidmaat** as riglyn gebruik.

  **Gemeentes word versoek om alles in hul vermoë te doen om by die begrote bedrag van R60 per lidmaat per jaar uit te kom. Dit impliseer R5 per lidmaat per maand en kan effektief deur middel van die pilhouertjies ingesamel word.**

Baie dankie vir elke lidmaat, predikant en kerkraad se positiewe gesindheid. Sonder u ondersteuning sou die werk van die BSA nie kon voortgaan nie. Bydraes uit die Kerk in 2022 was verantwoordelik vir ongeveer **18 600 Bybels**.

Bankbesonderhede, donateurnommers en bystand met projekte kan verkry word deur 'n e-pos te stuur na **malan@biblesociety.co.za**.

**Dr Gerhard Lindeque**

## Kerklike publikasies

- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by **https://nhka.org/die-woord/preke/**.




- In die **Januarie/Februarie 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** skets **ds Hannelie Botha** in haar redaksionele artikel *Leef nóú* waaroor die lewe gaan na aanleiding van 'n preek gelewer deur **dr Piet van Staden.** Die verhaal van *Die kanselkleed,* geskryf deur **ds Carel Johann de Bruin**, bevat interessante inligting oor die oorsprong van die kanselkleed in kerke, met spesiale vermelding van Gemeente Oos-Moot se kanselkleed. **Ds Hannelie Botha** vertel in *Luister na ons seniors se wyse raad* van die inwoners van Huis Lafras Moolman in Rawsonville se wyshede wat hulle graag met almal deel. **JP Stoffberg** deel nuttige wenke oor die toets van die egtheid van juweliersware in *Klatergoud – of nie...?* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**

- **Aan ons lesers wat *Die Hervormer* per pos ontvang.** Die oneffektiewe verspreiding van *Die Hervormer* via die Poskantoor moet ongelukkig nou gestaak word. Individue, gemeentes en instansies wat hul eksemplare tot en met die Januarie/Februarie 2023-uitgawe per pos (nie koerier nie) ontvang het, kan steeds die publikasie op die Kerk se webblad lees, by **https://nhka.org/die-hervormer/**. Belangstellendes wat 'n pdf-weergawe van *Die Hervormer* wil ontvang, kan hul e-posadres stuur na **bladuitleg@nhk.co.za.**

- Die **pryse van Bybels** het met ingang van **1 Februarie 2023 gestyg**. Kontak mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za** vir meer inligting.



- **Gemeente Randburg se Gedenkblad** vir die **75-jaar-herdenking (1947-2022)** is 'n skatkis vol herinneringe en geskiedenis oor die afgelope 75 jaar uit die mond van mense wat hier is/was om die begin van alles te kon sien gebeur. Heelwat lidmate vertel dat hul kinders hier gedoop is en dat dieselfde kinders teruggekom het om hier te trou en ook hul kinders hier te doop. Hierdie bundel is 'n samevatting van geskiedenis, staaltjies, statistieke en foto's waarmee ons aan die vorige en huidige lidmate iets wil teruggee vir hul bydrae om hierdie gemeente so 'n besondere plek te maak in almal se lewens. Die Gedenkblad is beskikbaar teen **R200 elk plus posgeld**. Kontak die administratiewe beampte, Elna van der Walt, by **elna@nhk-randburg.co.za** of 011 787 4983. **Bankbesonderhede:** Ned Herv Kerk Randburg; Nedbank Randburg; takkode 198405; rekeningnommer 198 425 1082.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Toerusting

- **Gratis Ouerbegeleidingskursus**
  **NHKA Centurion-Oos, Napierweg 103, Lyttleton**
  **Tema: *Hoe leer ek my kind waardes?***
  Gefokus op ouers van voorskoolse en laerskoolkinders
  Kom luister, leer en gesels saam!
  Voorsiening vir versorging van kinders gedurende aanbieding
  Vir meer inligting, kontak Jaco Beyers by 083 417 5803
  Woensdag 1 Maart om 19:00 by die kerk

## ’n Gedig

**Uitnodiging**

Kom kyk na dié lap aarde
wat so uitgolf en dan stol
soos brode op die horison;
graspluim skep ’n roompie op
en bronslaai maak ’n lopie vol

– kom eet daarvan.

Dan, die hooglandkors wat breek
en val na diep ravyn waar bol
se lelie naby prutfonteine blom;
luister hoe die varing agterklap
oor fyn boskaas van kiepersol

– kom bid jou aan.

En ruik, kom ruik die boskaneel
wat opslaan uit die groot verval
van blaar en bas, die wonderpeper
van ’n aardse kruiery. En proe veral
hoe brame smaak na ewigheid. Kom!

– kom haal jou deel.

**Lucas Malan**
(Uit: *Groen. Gedigte oor die omgewing*, 1990;
saamgestel deur Johann Lodewyk Marais)

## Toerusting

- **Gratis Ouerbegeleidingskursus**
  **NHKA Centurion-Oos, Napierweg 103, Lyttleton**
  **Tema:** ***Hoe leer ek my kind waardes?***
  Gefokus op ouers van voorskoolse en laerskoolkinders
  Kom luister, leer en gesels saam!
  Voorsiening vir versorging van kinders gedurende aanbieding
  Vir meer inligting, kontak Jaco Beyers by 083 417 5803
  Woensdag 1 Maart om 19:00 by die kerk

## Barmhartigheid

- Die **NHSV 2023-vooruitskouing** bevat die jaarbeplanning van die NHSV Hoofbestuur op nasionale vlak. **NHSV tema vir 2023**: Lééf die liefde – *Laat julle lig so voor die mense skyn...* (Matt 5: 16). **Mev Mari-lizé Beukes,** voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, deel belangrike inligting rakende die 2023 NHSV Studieleningsfonds vir Hervormde studente, die NHSV Nasionale Kongres wat plaasvind van 23 tot 25 Junie 2023, verskeie projekte waarby die NHSV Hoofbestuur betrokke is (onder andere Armoedeverligting en uitreikaksies), en die publikasies van die NHSV Hoofbestuur. *Ons wat die Lig van die lewe ontvang het, moet wandel in die lig en nie in duisternis leef nie. Here, laat my hierdie jaar u lig ervaar en dit deur my lewe uitdra.* Laat jou gesindheid altyd wees soos dié van Maria: *Ek is tot beskiking van die Here!* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.

Semiversorgend: R6 180
Verswakte bejaardes: R6 720
**Woonstelle (selfversorgend)**
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed tydens natuurrampe

Genadige God:
Die natuur is wonderbaarlik mooi,
én vreesaanjaend.
Dit kan wonings en woonbuurte uitwis,
mense se lewens ontwrig,
duisende verlore en ontheem laat.
Here, dit gebeur nou weer,
hier by ons, met waters wat alles meesleur,
en elders, waar skrikwekkende aardbewings
derduisende mense 'n verskriklike dood laat sterf.
Deur die eeue,
in tye van verwoesting en smart,
het mense na U gedraai.
U het U oor hulle ontferm en hulle nie verwerp nie.
Maak u teenwoordigheid nou weer bekend,
daar waar natuurrampe mense weerloos en gebroke gelaat het.
Bring U vir hulle troos en uitkoms,
en berusting te midde van verskrikking en verlies.
Mag dié van ons wat nie direk deur die rampe geraak word nie,
deernis ervaar en ruim bydra waar ons kan.
Bring ons byeen in wedersydse liefde en ondersteuning,
daar waar eiendom herbou en lewens herstel moet word.

In u wonderbare Naam bid ons dit.
Amen.

William H Sadlier
www.WeBelieveAndShare.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk